

ANDRIES PRETORIUS SE GRONDVERKOPINGS IN GRAAFF-REINET, 1837 TOT 1838. 'N HERSIENING VAN DR. G. S. PRELLER SE GEVOLGTREKKINGS*

Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius is een van die Voortrekkerleiers wat sy stempel onbetwisbaar op die Groot Trek afgedruk het. As militêre leier en as staatsman het hy feitlik dwarsdeur die Groot Trek-tydperk 'n toonaangewende rol gespeel. Hy het persoonlik die grondgebied van al die latere Trekkerrepublieke verken alvorens hy self getrek het. Gedurende 1838, die krisisjaar van die Groot Trek waarin die verstandigheid en uitvoerbaarheid van die trekgedagte sterk onder die soeklig gekom het, was dit Pretorius wat met diepe insig in die breë en begrip van sinchronisasie die trekgedagte gepropageer het en 'n algemeen-aanneemlike predikant vir die Voortrekkers gesoek het. Dit was Pretorius wat planmatig die seë te Bloedrivier voorberei en tot 'n triomf gevoer het, en dit was hy wat die pragtige Natal deeglik uitgetoets het voordat hy sir Harry Smith se militêre krag wes van die Drakensberge goed op die proef gestel het. En dit was Pretorius wat sy afrondingswerk aan die Groot Trek kon aanbring nog voor sy dood toe hy onder moeilike omstandighede met druk van baie sye daarin geslaag het om die Sandrivier-konvensie met die Britse owerheid op 17 Januarie 1852 in die Transoranje te sluit. Met dié konvensie was die logiese afsluiting van die Groot Trek twee jaar later toe die Bloemfontein-konvensie aangegaan is, reeds in sig en kon Pretorius in sy 55ste jaar as die laaste van die groot Voortrekkerleiers in Transvaalse republikeinse bodem in 1853 te ruste gelê word. Van die meer bekende leiers het net Sarel Cilliers en Karel Pieter Landman hom oorleef.

Hoewel dit uiters moeilik is om presies vas te stel in hoe 'n mate Andries Pretorius die Groot Trek-beweging oorheersend beïnvloed het (want hy het by tye heelwat verset uit eie kringe ondervind en het ook heelwat mislukkings gesmaak), is dit tog duidelik dat hy as Voortrekkerleier deegliker bestudeer moet word.¹ Dit is vereers sy lewe in die Kaapkolonie voordat hy die distrik Graaff-Reinet verlaat het, waarin verdere lig gesoek moet word. Vir so 'n belangrike leier het hy merkwaardig laat getrek. Uniek is hy seer sekerlik daarin dat hy reeds 'n plaasbesitter in Natal was nog voordat hy sy lot finaal by die Voortrekkers ingewerp het en sy eiendomme in Graaff-Reinet verkoop het. As studieveld in hul eie reg is die ontplooiingsjare van die Groot Trek tewens heelwat meer aandag werd as wat hulle tot dusver van geskiedskrywers geniet het.

* Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het my ondersoek oor die Groot Trek finansiëel gesteun. Ook i.v.m. hierdie studie erken ek met dank hulp verleen.

1. Dr. Preller se in baie opsigte onbevredigende lewensbeskrywing van Pretorius het in sy tweede edisie reeds dertig jaar gelede verskyn. Mnr. B. J. Liebenberg, M.A., Drs. Hist., is tans besig aan die Universiteit van Suid-Afrika met sy doktorsale proefskrif oor hierdie Voortrekkerleier.

In 'n vorige artikel oor 'n probleem uit Andries Pretorius se loopbaan voordat hy finaal Voortrekker geword het, het ek verklaar dat daar uit die ontplooiingsjare van die Groot Trek op sekere vrae antwoorde gegee is wat, hoewel foutief, feitlik deur alle geskiedskrywers aanvaar is.² Ook hierdie artikel handel oor so 'n geval uit dié besondere fase van Pretorius se lewe. Omdat dit gaan oor die beperkte probleem van sy grondverkopings voor sy vertrek uit die Kolonie, het dit nie wye aandag geniet nie. Dr. G. S. Preller, sy biograaf, het egter daarvoor geskryf. As tema is dit nie onbelangrik nie: vir die chronologie van Pretorius se trekvoorbereidings en verkryging van hoog nodige kontantgeld in 'n kritieke fase van sy loopbaan in die Groot Trek, is dit van heelwat betekenis.

Dr. G. S. Preller beweer in die verbeterde en vermeerderde uitgawe van sy lewensbeskrywing van Andries Pretorius dat die Voortrekkerleier die plase *Hoeksfontein* en *Wildepaaardefontein* in Augustus 1837 „deur Geo. Southey aan sekere Rubidge” verkoop het, „waarvan die laaste paaiment betaal werd op 5 Aug. 1838”.³ Preller se bronne is Pretorius se brief aan adv. Brand, gedateer Graaff-Reinet, 26 Julie 1837⁴ en die koopkontrak aangegaan tussen Pretorius en George Southey ten behoeve van Robert Henry Rubidge van die distrik Albany, gedateer 7 Augustus 1837.⁵ Verder beweer Preller dat Pretorius spoedig na sy terugkeer van sy verkenningstog 'n advertensie gedateer 27 Januarie in *De Zuid-Afrikaan* van 16 Februarie 1838 laat plaas het. Daarin kondig hy aan 'n vendusie o.a. van sy plaas *Letskraal*, geleë in Voorsneeuberg, „groot omtrent 4,000 morge, beplant met 7,000 wingerdstokke, 100 limoen- en naartjebome, woonhuis, smids- en wamakerswinkel, kelder en oorslag-meules”. Op die vendusie word ook geplaas 'n erf op die dorp Graaff-Reinet „geleë in 'n gedeelte van die dorp gerieflik vir die handel, bebou met 'n ekstra goeie huis, bevattende sit-, slaap- en eetkamers, dispens en kombuis”. Vee en losgoed word ook sonder reserwe opgeveil aangesien Pretorius „van mening is van woning te verander”. Dan voeg Preller by dat die vendusie op 18 April 1838 plaasgevind het.⁶

Preller sê dat Pretorius „na sy huwelik gewoon (het) op die plaas Pretoriuskloof, wat sy eiendom gebly het ook nadat hy die Kolonie

2. „Andries Pretorius se Verkenningstog gedurende Oktober 1837 tot Januarie 1838, met spesiale aandag aan sy roete terug van Port Natal na Graaff-Reinet,” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 1961, pp. 3-21. Die verklaring is op p. 3.
3. *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal*, 2de uitgawe, Johannesburg 1940, p. 22.
4. S.S.1: R.11/37 (Transvaalse Staatsargief, Pretoria); afgedruk in *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, Pretoria, 1937 (uitgegee deur dr. H. S. Pretorius en D. W. Krüger, met medewerking van dr. C. Beyers), pp. 16-18.
5. S.S.1: R.13/37 en ad R.13/37, waarvan lg. met sy ontvangsbewyse in *Voortrekker-Argiefstukke* gepubliseer is (pp. 18-21).
6. Preller, *Andries Pretorius*, p. 24. Onder die hoof „Publieke verkooppings sonder reserwe” onderteken die afslaer A. Brink die advertensie in *Hollands en Engels*.

verlaat 't; maar het al geruime tyd op Letskraal . . . gewoon, toe hy in Okt. 1837 op verkenning uit is . . . ”⁷

Laat ons hierdie bewerings aan die bronne toets. Preller se bronne laat glad nie al hierdie afleidings toe nie.

Die plasing van die advertensie in *De Zuid-Afrikaan* van 16 Februarie 1838 het nie noodwendig beteken dat die veiling van *Letskraal* en die Graaff-Reinsetse dorpserf wel gehou is nie; of indien dit wel plaasgevind het, dat albei die geadverteerde eiendomme inderdaad verkoop is nie. Daarvoor is meer bewyse nodig.

Die bovermelde voltooide en ondertekende koopkontrak wat gesluit is op 7 Augustus 1837 tussen Pretorius en Southey namens Rubidge kom in duplikaat in S.S.1 voor. Skynbaar deur Pretorius meegeneem toe hy op trek gegaan het, is dit in 'n bundel ander dokumente uit die Voortrektydperk sedertdien bewaar. Tesame met ander stukke wat betrekking het op Pretorius se vroeë loopbaan in die Kaapkolonie,⁸ werp dit 'n waardevolle lig op talle fasette van die Voortrekkerleier se doen en late. Dokumente soos koopkontrakte gee ook gewoonlik presiese, betroubare gegewens wat deur die geskiedskrywer baie verwelkom word. Tog kan met die aanvaarding deur Preller van die feite vervat in hierdie koopkontrak wel deeglik foutgevind word. Hoewel behoorlik voltooi met die toevoeging van die oorspronklike handtekeninge van die betrokke partye in die transaksie; hoewel behoorlike bewys gelewer word dat Pretorius drie keer (op 26 Augustus 1837, op 23 September 1837 en 26 Januarie 1838) betalings op die eerste paaient ontvang het, welke paaient daarmee afbetaal was; en hoewel Pretorius vir J. J. Meintjes gemagtig het om op die kantoor van die Siviele Kommissaris van Graaff-Reinet te verskyn en daar met 'n eed („on my soul and conscience”) te bevestig dat die koop wel plaasgevind het⁹ — nietemin al die feite, het Preller tog verkeerd gegaan.

Oor die dokument wat as 'n duplikaat van die koopakte aangemerkt is, is deur R. Southey namens R. H. Rubidge dwarsoor die eerste blad die volgende woorde geskryf: „This Agreement is this day (sonder vermelding van datum) cancelled by mutual consent in presence of Mr. W. Southey and Mr. S. Biddulph”. Laasgenoemdes teken as die twee getuies.¹⁰ Dat die kansellasie ernstig opgeneem moet word, blyk uit 'n memorie wat Fredrik Godfried Watermeyer van Kaapstad op 9 November 1838 aan die waarnemende Luitenant-goewerneur van die oostelike afdeling van die Kolonie, J. Hare, gerig het. Watermeyer verklaar daarin dat hy van A. W. J. Pretorius gekoop het die erfpagplase *Letskraal* en

7. *Ibid.*, pp. 21-22.

8. Vgl. o.a. R.1/19 tot R.5/32 op pp. 1-26 in S.S.1.

9. ad R.13/37 op p. 52 in S.S.1 (afgedruk in *Voortrekker-Argiefstukke*, p. 21).

10. ad R.13/37 op p. 55 in S.S.1 (afgedruk in *Voortrekker-Argiefstukke*, p. 18, voetnoot 2). Die twee gelykluidende en ondertekende eksemplare van die koopakte (R.13/37 en ad R.13/37) is te vind op pp. 53-58 van S.S.1. Die gekanselleerde stuk is vollediger in die sin dat die registrasies van latere betalings daar bygevoeg is (p. 57).

Hoeksfontyn, tesame met die reg op twee aangrensende stukke braakgrond, die grootste een waarvan as *Olyfschoof* bekend staan. Dié gronde, sê hy, is geleë in die veldkornetskaps Voorsneeu-berg van die distrik Graaff-Reinet. Hy sluit 'n afskrif van die koopkontrak en 'n afskrif van die kwitansie in as bewys dat die koopprys betaal is; en bied aan om, indien nodig, die oorspronklike kontrak voor te lê. In besonder versoek hy dat die huurreg van die twee stukke braakgrond, na betaling van die gewone gelde, op sy naam, in stede van Pretorius s'n, aangeteken moet word.¹¹

Uit die ingeslote kopie van die kontrak blyk dat die koop te Graaff-Reinet op 31 Julie 1838 gesluit is en wel vir 12,000 riksdalders of £900. In die eerste klousule word daar spesifiek vermeld dat die koopooreenkoms ook die opstal van die leningsplaas *De Wildepaardenfontyn* (vir 2,500 riksdalders) insluit. Die erfpagplaas *Letskraal* (2,961 morg, 515 vk. roede) word in die volgende klousule genoem. In die derde klousule word bepaal dat die verdeelde erfpagplaas *Hoeksfontyn* (2,059 morg, 203 vk. roede) tesame met *Letskraal* vir 9,000 riksdalders aangekoop word. Die vierde klousule lê neer dat die reg wat Pretorius verkry het, of nog mag verkry, in die twee stukke grond wat reeds opgemeet is, maar waarvan nog geen kaart van uitgereik is nie, vir onderskeidelik 400 en 100 riksdalders gekoop word. Die eerste (van 934 morg, 325 vk. roede) grens aan *Letskraal* en die tweede (van 303 morg, 397 vk. roede) lê aan *Hoeksfontyn*.

Die koper onderneem om 8,000 riksdalders in kontant aan die verkoper se agent te Kaapstad te betaal. Die balans van 4,000 riksdalders sou desverkiekend vir een jaar op sekuriteit teen 'n betaling van 5 persent rente teruggehou kon word. Die verkoper sou nog op die verkoopte plase kon inwoon met gebruikmaking daarvan vir sy vee en van ander geriewe soos tot dusver deur hom geniet, maar slegs tot 30 September 1838. F. A. G. Liesching onderteken die kontrak te Graaff-Reinet as agent vir Watermeyer.¹²

Dat die koop wel nog in die maand waarin Andries Pretorius vermoedelik getrek het, finaal afgehandel is, blyk uit 'n aangehegte afskrif van 'n ontvangsbewys. Daarin teken Simpson Brothers & Co. op 28 September 1838 te Kaapstad dat hulle 12,000 riksdalders as koopsom vir bovermelde plase van Watermeyer ontvang het.¹³ Op grond van hierdie dokumente, bevestig deur amptelike stukke in die Kaapstadse Kantoor van Aktes,¹⁴ moet dus aanvaar word dat toe Pretorius vermoedelik net na 6 September 1838 oor die Transoranje na Bloedrivier

11. L.G. 535: Memorials Received, ordinary numbered series nos. 801-879, no. 814, pp. 59-64 (Kaapse Staatsargief). Die oorspronklike memorie is op pp. 59-60. In potlood is bo-aan p. 59 aangeteken „HH (His Honor) sees no objection”. 'n Nota op p. 61 lui: „Forwarded to Surveyor Generals Office by letter 14 Decr 1838...”

12. *Ibid.*, pp. 62-63.

13. *Ibid.*, p. 64.

14. Transfers and Mortgages, vol. 24, 21-28 September, no. 147, 21 September 1838.

uit sy ou distrik vertrek het,¹⁵ sy plaas *Letskraal* met sy stuk braakgrond, asook *Hoeksfontyn* met sy stuk braakgrond, en verder die opstal van *De Wildepaardenfontyn* vir 'n groot kontantbedrag verkoop was.

Pretorius se huis en erf geleë in Birdstraat, Graaff-Reinet-dorp, is wel op die veiling van 18 April 1838 verkoop — aan Wilhelmina Petronella Looock vir £120-15s.¹⁶ Wat die posisie met Pretorius se plaas *Pretoriuskloof* is, kan nie nou vasgestel word nie. Geen verdere lig kon daarvoor in die Kantore van Aktes en van die Landmeter-generaal te Kaapstad gevind word nie.¹⁷ Dit is duidelik dat die koopkontrak wat Pretorius op 7 Augustus 1837 met Southey namens Rubidge gesluit het, gekanselleer is. Die rede(s) daarvoor kan ons ook nie bepaal nie. Wanneer die koop afgelas is, kan wel nie presies vasgestel word nie, maar tog by benadering. Dit moes nl. tussen 26 Januarie en 31 Julie 1838 geskied het. Nadat die koop op 7 Augustus 1837 gesluit is en twee betalings op 26 Augustus en 23 September 1837 gemaak is, is Pretorius na 11 Oktober 1837 weg op sy verkenningstog.¹⁸ Op 7 Januarie 1838 koop Pretorius die plaas *Summer Hill* by Port Natal vir 700 riksdalders (£52-10s.) en bied in betaling 'n promesse aan.¹⁹ Op 18 Januarie 1838 keer Pretorius terug te Graaff-Reinet en ontvang op 26 Januarie 'n verdere betaling van Rubidge se eerste paaieiment.²⁰ Indien die koop deurgegaan het, moes die laaste paaieiment op 5 Augustus 1838 betaal gewees het.²¹ Ons weet egter nou dat dit nie geskied het nie en dat Preller se bewering in dié verband dus foutief is.²² Ons weet nou ook dat die plaas *Letskraal* nie op die vendusie wat op 18 April 1838 sou plaasgevind het, verkoop is nie — tensy daar ook later 'n kansellering van die koop plaasgevind het. Preller kan dus ook hier nie nagevolg word nie.²³ Die kooporeenkoms wat Pretorius op 31 Julie 1838 met

15. Pretorius aan ds. G. W. A. van der Lingen, *Voor Sneeuw*, 23 Julie 1838, in *Voortrekker-Argiefstukke*, pp. 27-28. Nieteenstaande Pretorius se voornemens om op 1 September te trek, teken hy nog 'n volmag te Graaff-Reinet op 6 September. Vgl. Pretorius se volmag aan P. J. Roux, Paulseun, in *Transfers and Mortgages*, vol. 24, 21-28 September, no. 147, onder datum 21 September 1838 asook vol. 27, 13-31 Oktober 1838, no. 262, onder datum 31 Oktober 1838 (Kaapse Kantoor van Aktes).
16. *Transfers and Mortgages*, vol. 27, 13-31 Oktober 1838, no. 262, 31 Oktober 1838 (Kantoor van Aktes, Kaapstad).
17. Dit skyn asof Preller hom hier ook kon vergis het, tensy *Pretoriuskloof* 'n leningplaas was wat nie in die Akteskantoor geregistreer is nie. Vir hulp en advies in die Kaapse Kantore van Aktes en van die Landmeter-generaal bedank ek graag vir dr. E. van der Watt.
18. *Voortrekker-Argiefstukke*, pp. 18-21 en Muller, „Andries Pretorius se Verkenningstog”, p. 5.
19. *Voortrekker-Argiefstukke*, p. 24.
20. *Ibid.*, p. 21 en Muller, „Andries Pretorius se Verkenningstog”, p. 16.
21. *Voortrekker-Argiefstukke*, p. 19.
22. *Kyk Andries Pretorius*, p. 22.
23. *Ibid.*, p. 24. In *A Dinner of Herbs, being the Memoirs of Kathleen McMagh*, Kaapstad 1968, word beweer dat G. Watermeyer uit Graaff-Reinet aan F. A. G. Liesching geskryf het dat Pretorius *Letskraal* wou verkoop; waarop laasgenoemde dit sou gekoop het (pp. 46-47). Daar word verder beweer dat G. Southey, Powell en C. Rubidge sewe plase in dieselfde distrik vir £1,200 gekoop het (p. 48).

Watermeyer gesluit het, het plaasgevind slegs agt dae nadat die latere Voortrekkerleier aan ds. Van der Lingen uit Voorsneeu-berg geskryf het dat die Trekkers „een goede Leeraar” soek en dat hy beplan om op 1 September 1838 op trek te gaan.²⁴

Nadat Andries Pretorius op sy verkenningstog gedurende Oktober 1837 tot Januarie 1838 reeds 'n mooi plaas betreklik goedkoop te Port Natal verkry het, het hy tydens die volgende maande heelwat reëlings getref om sy wortels in die distrik Graaff-Reinet uit te trek. Of hy dit volkome deurgevoer het voordat hy 'n Voortrekker geword het, weet ons nie.²⁵ Ons weet egter dat hy sy plaas-eiendom — met of sonder aangrensende gronde — in kontant ten bedrae van £900 ('n groot som vir daardie tyd) omgesit het. Daarby moet gevoeg word die £120-15s. wat sy dorpseiendom opgelewer het. Hierdie bedrag van £1,020-15s., of 'n voorskot daarop, sou vir hom op dié stadium in die ontplooiing van die Groot Trek, uitmuntend te pas kon kom. Sy reis deur soveel noordelike en noordoostelike gebiede het hom nie alleen in staat gestel om homself deeglik te oriënteer met Voortrekkersake nie, maar ook om homself beter onder baie groepe Voortrekkers bekend te stel. In die loop van sy reis het Pretorius deeglik op hoogte gekom van sowel die groot moontlikhede as die groot gevare van die Trek. Hy was die laaste van die leiers van die hoogste kaliber om hom op trek te begewe, maar op daardie besondere tydstip het hy vir die bevordering van die Trekkerbelange in die Kolonie meer beteken as in die noorde en die noordooste. Vir die trekgedagte kon Pretorius in sy belangrike distrik kragtige propaganda maak. Met die Trekkers in die Transoranje en in Natal het hy 'n gereelde korrespondensie gevoer.²⁶ Na sy leerryke reis kon hy die nuus uit Natal al te goed begryp en vertolk. Hy beywer hom om vir die Voortrekkers 'n geskikte predikant te vind. Pretorius het besef dat dit 'n tyd was van „rampen en noodens”²⁷ onder die Natalse Trekkers. Omdat hy vir Retief op sy suksesvolle tog teen Sikonyela ontmoet het en van hom sy laaste planne i.v.m. sy traktaat met Dingaan verneem het, kon hy psigologies die groot insakking in die Trekkermoraal uitnemend peil. Van hul algemene hulpbehoewendheid was hy terdeë bewus en in besonder van hul militêre en semi-militêre behoeftes. Sover as wat dit prakties moontlik was, kon hy met soveel kontantgeld tot sy beskikking die nodige betyds aankoop, of sekuriteit gee vir die aankoop daarvan.

24. *Voortrekker-Argiefstukke*, pp. 27-28.

25. Op Preller se gevolgtrekkings kan ons — soos reeds aangetoon — nie altyd staatmaak nie. Die biograaf van Andries Pretorius het soms op te karige gegewens te veel probeer bou. Dat sommige grondverkopings 'n baie eienaardige (en moeilik voorsienbare) verloop gehad het, blyk uit L.G. 537: no. 1026, pp. 296 vlg. (Kaapse Staatsargief), waar Heugh en Fleming namens Voortrekker J. A. Vogel op 31 Augustus 1841 'n memorie aan die Luitenant-goewerneur rig. Vogel het grond aan J. Everley in April 1838 verkoop. In Februarie 1839 gee Everley kennis dat die koop gekanselleer is. Die grond gaan nou formeel terug op Vogel se naam; wat vyf maande later dieselfde eiendom weer aan Everley verkoop!

26. Muller, „Andries Pretorius se Verkenningstog”, pp. 19-20.

27. *Voortrekker-Argiefstukke*, p. 27.

Pretorius het redelik goed besef watter soort probleme hy met sy oorlogvoering teen die Zoeloes sou ondervind. Dit was nie verniet dat hy in die noorde baie sake met baie leiers bespreek het en 'n veldtog teen Moselikatsi gedeeltelik meegemaak het nie. Die toekomstige aanvoerder van die Wenkommando kon dus op hierdie tydstip (September 1838) — slegs sowat twee maande voor die uittrek van sy kommando — uitnemend toegerus, die gunstiggeleë voorradedepot Graaff-Reinet op sy lang reis verlaat.

Prof. C. F. J. Muller.